116 28/71

G.P.-S. J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(APPELLATE DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

JOHANNES BEUKES

Appellant.

*versus/teen*

Respondent.

*Appellant's Attorney* Pro Deo *Respondent's Attorney* A.G.(S.W.A.)
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* T.W. Edeling *Respondent's Advocate* P. Vutar, S.C. (Nie geroep nie) / E. Marais
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 31 - 8 - 1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

1. 3. 14

Ogilvie Thompson, H.R. Botha, A.R. Wessels A.R.

(S.W.A.)

9.45 - 11.00 vm. C.A.V.

[illegible] 13.9.71, Wessels A.R. appèl word afgewys

REGISTRAR, APPEAL COURT,
GRIFFIER, APPELHOF,
BLOEMFONTEIN.

13/9/71

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPèLAFDELING).

In die saak tussen:

JOHANNES BEUKES ...................... APPELLANT.

EN

DIE STAAT .......................... RESPONDENT.

CORAM: OGILVIE THOMPSON, H.R., BOTHA et WESSELS, A.RR.

VERHOOR: 31 Augustus 1971. GELEWER: 13 September 1971.

---

## U I T S P R A A K.

WESSELS, A.R. :

Appellant en ꞥ mede-beskuldigde, Markus Bailey, het in die Suidwes-Afrika afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika op ꞥ aanklag van moord tereggestaan. Eersgenoemde is aan moord met versagtende omstandighede skuldig bevind en tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis. Laasgenoemde is onskuldig bevind en ontslaan. Appellant kom na hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding, met verlof van die voorsittende Regter van die Verhoorhof (Badenhorst, R.P.). Ek verwys voortaan na appellant as eerste beskuldigde en na Markus Bailey as tweede beskuldigde.

2/.........Die

Die oorledene, ŉ volwasse Kleurlingman genaamd Arrie Olyn, het gedurende die aand van 30 Oktober 1970 gesterf as gevolg van ernstige bloedverlies wat hy gely het nadat ŉ slagaar net onder sy regter sleutelbeen amper, maar nie heeltemal nie, afgesny was. Die steekwond het die boonste kwab van die regterlong binnegedring. Volgens die getuienis van die distriksgeneesheer, wat op 2 November 1970 ŉ lykskouing uitgevoer het, is dit waarskynlik dat die steekwond toegedien is terwyl die aanrander voor die oorledene was. Dit is egter, volgens sy getuienis, ook moontlik dat die aanranding kon plaasgevind het terwyl die aanrander agter die oorledene was. Die mediese getuienis is, voorts, dat aansienlike bloeding na buite onmiddellik na die afsny van die slagaar sou plaasgevind het, en dat die oorledene binne ongeveer 30 sekondes daarna sou gesterf het. Hy sou ŉ afstand van ongeveer 30 treë kon gehardloop het nadat die steekwond toegedien was. Hy het ook bevestig dat tweede beskuldigde op 2 November ŉ letsel op sy regterpols getoon het, wat deur die skerp punt van ŉ mes veroorsaak kon gewees het, hoewel hy van mening was dat dit waarskynlik deur ŉ vingernael veroorsaak is.

3/..........Ten

Ten einde die getuienis oor die gebeure wat die oorledene se dood voorafgegaan het beter te kan begryp, is dit nodig om die terrein waar dit plaasgevind het kortliks te beskryf. Die getuies verwys na twee kampongs in die buitewyke van Luderitz, waar werknemers van 'n plaaslike maatskappy gehuisves word, nl., 'n suidelike en noordelike kampong, wat ongeveer 100 treë van mekaar geleë is. Sersant Avenant van die Suid-Afrikaanse Polisie het getuig dat daar elektriese ligte aan hoë lamppale "feitlik rondom die kampongs" is, en dat dit nie "baie donker" in die gebied tussen die twee kampongs was nie. Toe hy omstreeks 11.50 nm. met sy ondersoek begin het, kon hy "redelik goed sien". Ek keer later terug na sy getuienis oor waarnemings wat hy die aand ter plaatse gedoen het.

Drie Kleurlingvrouens het namens die Staat getuig oor wat dié aand tussen 11 en 12 uur in 'n kamer in die suidelike kampong sou plaasgevind het. Hulle weerspreek mekaar in verskeie opsigte, maar dit is onnodig om tot enige deurtastende ontleding van hulle getuienis oor te gaan. Dit is nie betwis nie dat die Staatsgetuies, die oorledene en die twee beskuldigdes vir 'n sekere tydperk saam in die kamer was, en dat

ŉ woordewisseling ontstaan het omdat oorledene geweier het om op te staan van die bed van een van die vrouens waarop hy gaan lê het nadat hy die kamer binnegekom het. Dit blyk uit die getuienis dat oorledene en die twee beskuldigdes minstens matiglik onder die invloed van drank was. Oorledene se optrede het die beskuldigdes blykbaar vererg. Tweede beskuldigde het oorledene op sy been geskop en eerste beskuldigde het hom ŉ vuishou toegedien, vermoedelik teen die bors. Oorledene het opgespring en by die deur uitgehardloop, met die beskulidgdes kort op sy hakke. Tweede beskuldigde sou toe ŉ oop knipmes in sy hand gehad het. Daar is geen getuienis dat eerste beskuldigde op daardie tydstip ŉ mes in sy hand gehad het nie.

Oor wat daarna gebeur het getuig Frans Visser soos volg. Hy was dié aand omstreeks 11.30 op pad na sy broer se kamer, en het naby die ingang van die suidelike kampong gestaan toe oorledene, met beskuldigdes kort op sy hakke, op ŉ distansie van ongeveer 10 treë by hom verby gehardloop het. Tweede beskuldigde was voor eerste beskuldigde op daardie tydstip, maar laasgenoemde het hom kort daarna verbygesteek. Visser het onmiddellik besef dat die beskuldigdes vir oorledene

wou aanrand, en het hulle agternagesit met die goeie bedoeling om dit te probeer verhoed. Volgens Visser het albei beskuldigdes ŉ mes in die hand gehad. Dit het hy afgelei van die feit dat hy ŉ blink voorwerp - soos die lem van ŉ mes - in elkeen se hand gesien het. Hy het tweede beskuldigde ingehaal en hom gevang. Hy het vir tweede beskuldigde toe gevra wat hy met ŉ oop mes in sy hand maak. Tweede beskuldigde het sy linkerarm se pols aan Visser gewys en gesê, "Kyk hoe steek Arrie my." Visser kon egter geen letsel sien nie. Hy was bedag daarop dat tweede beskuldigde die oop knipmes in sy hand gehad het, en het hom toe gelos en teruggestap in die rigting van die suidelike kampong. Tweede beskuldigde het toe begin stap in die rigting waarheen oorledene en eerste beskuldigde gehardloop het. Hy is in hoofondervraging gevra of hy gesien het wat eerste beskuldigde "verder" gedoen het (d.i. nadat Visser vir ~~eerste~~ tweede beskuldigde gevang het ). Hy het gesê dat hy nie kon sien nie "want hulle was baie ver van my af gewees". Dit blyk egter duidelik uit sy getuienis dat eerste beskuldigde sy agtervolging van oorledene voortgesit het. Die laaste wat hy van hulle gesien het was toe "hulle nou naastenby na aan mekaar is". By verdere ondervraging blyk dit

6/.........dat

dat toe hy tweede beskuldigde losgelaat het, hy oorledene, met eerste beskuldigde kort agter hom, "duskant die hek" van die noordelike kampong gesien hardloop het. Tydens kruisondervraging deur eerste beskuldigde se advokaat, is dit aan Visser gestel dat hy hom kon misgis het oor die feit of eerste beskuldigde ŉ mes in sy besit gehad het al dan nie. Sy antwoord was, "As ŉ mes se lem blink kan jy tog sien dit is ŉ mes wat hy in sy hand het". Uit sy getuienis onder kruisondervraging blyk voorts dat hy die agtervolging van oorledene deur eerste beskuldigde waargeneem het totdat hulle by die "hek van die kampong" verdwyn het. Vanaf die tyd wat hy tweede beskuldigde gevang het totdat eerste beskuldigde en oorledene by die hek van die kampong verdwyn het, het hy nie gesien dat eerste beskuldigde vir oorledene ingehaal het nie. Hy het egter nie voorgegee dat hy hulle deurentyd dop gehou het nie. Tydens kruisondervraging deur tweede beskuldigde se advokaat het hy gesê dat hy tussenbeide getree het omdat hy die beskuldigdes sowel as oorledene geken het.

Oorledene het in die kamer van sy niggie Carolina Olyn in die noordelike kampong gesterf. Sy het getuig dat hy eers aan die deur geklop en daarna binne gekom het. Na

hy ŉ rapport aan haar gemaak het, het hy op die bed gaan sit. Sy sê voorts, "...... en hy het toe ŉ paar keer geruk en ŉ tydjie daarna toe wil hy lê. Toe sê ek Ida moet hom help dat hy kan lê. Na hy gaan lê het toe kom Klaas Bailey daar in". ("Klaas Bailey" is ŉ verwysing na tweede beskuldigde). Tweede beskuldigde was kortasem, soos iemand wat kort vantevore gehardloop het, en hy het ŉ oop knipmes in sy hand gehad. Hy het verneem waar oorledene is. Na hy die vraag gestel het, het hy die mes toegeknip en uitgegaan. Feitlik onmiddellik daarna het oorledene gesterf. Ida Korases het gelykluidende getuienis gegee. Sy het, na oorledene gesterf het, van sy klere uitgetrek en ook al die sakke deurgesoek. Geen mes of soortgelyke wapen is gevind nie. Sersant Avenant het later die lyk en die klere verwyder.

Ek behandel nou die getuienis van sersant Avenant. Dit blyk dat Frans Visser aan hom die plek uitgewys het waar hy tweede beskuldigde ingehaal en gevang het. Hierdie punt is wes van die direkte roete tussen die twee kampongs en nagenoeg 60 treë vanaf die kamer in die suidelike kampong waarna reeds verwys is. Op ŉ afstand van ongeveer 70 treë vanaf die plek waar tweede beskuldigde deur Visser gevang is, en op

die direkte roete van daardie punt na die ingang van die noordelike kampong, het sersant Avenant bloedspatsels op die grond waargeneem, en hierdie bloedspoor kon hy vir nagenoeg 30 treë tot by die deur van Carolina Olyn se kamer volg. Dit is ook die enigste tekens van bloed wat hy in die omgewing gesien het. In sy getuienis verwys hy daarna dat die beginpunt van die bloedspoor naby ŉ hoë paal met ankerdrade was. In hierdie verband kan daarop gewys word dat Visser in sy getuienis ook verwys na hierdie paal en ankerdrade as die plek waar hy eerste beskuldigde en oorledene gesien hardloop het, terwyl hy tweede beskuldigde vasgehou het. Nadat sersant Avenant die lyk en die klere in die polisievoertuig gelaai het, het hy in die rigting van die suidelike kampong gery, waar hy die twee beskuldigdes aangetref en opgelaai het. Daar was ook nog ŉ derde persoon, wat baie dronk was, opgelaai. Nadat die lyk by die lykshuis van die hospitaal afgelaai is, het hy die beskuldigdes na die polisiekantoor geneem. Daar het hy gesien dat eerste beskuldigde sterk onder die invloed van drank was, en gladnie die erns van die saak besef het nie - hy het die gebeure as ŉ grap beskou en daaroor gelag. Tweede beskuldigde was nie so erg deur drank

aangetas nie. Sersant Avenant het geen messe by hulle gevind nie. Toe hy later oorledene se klere ondersoek het, het hy 'n oop sakmes in sy broeksak gekry. Indien Carolina Colyn en Ida Korases se getuienis, dat daar geen mes in enige sak van oorledene was nie, in gedagte gehou word, ontstaan die vraag of een van die beskuldigdes nie die mes in die broeksak gesteek het terwyl hulle saam met die lyk in die polisievoertuig was nie. Tweede beskuldigde het 'n krapmerk op sy pols aan sersant Avenant getoon.

Na die Staat se saak gesluit is, is namens albei beskuldigdes aansoek om hulle ontslag gedoen, maar dit is nie toegestaan nie. Die beskuldigdes se sake is gesluit sonder dat hulle getuienis afgelê het of getuies geroep het om namens hulle te getuig.

Die Verhoorhof het bevind dat die Staatsgetuies geloofwaardig en ook, ondanks weersprekings in sommige van hulle se getuienis, betroubaar was. Dit is, voorts, bevind dat die oorledene die steekhou toegedien is terwyl hy in die omgewing van die beginpunt van die bloedspoor was, d.w.s., ongeveer 30 treë vanaf die kamer waar hy kort na die aanranding as gevolg van bloedverlies gesterf het. Ondanks die feit dat geen ooggetuie

10/..........die

die aanranding by daardie punt waargeneem het, het die Verhoorhof bevind dat die omstandigheidsgetuienis buite redelike twyfel bewys het dat eerste beskuldigde die oorledene daar ingehaal en met ŉ mes gesteek het, en dat oorledene van daar na Carolina Olyn se kamer gevlug het. Hierdie bevinding het, volgens die Verhoorhof, aandadigheid aan die kant van tweede beskuldigde uitgesluit, en is hy gevolglik onskuldig bevind en ontslaan.

In hoër beroep is namens eerste beskuldigde betoog dat die omstandigheidsgetuienis nie as enigste redelike afleiding aantoon dat hy die wond toegedien het of aanwesig was toe dit toegedien is en homself daarmee vereenselwig het nie. Die getuienis dui ten minste op die ewe redelike moontlikheid dat tweede beskuldigde, wat ŉ motief sou gehad het om dit te doen, oorledene sou raakgeloop het, nadat eerste beskuldigde sy agtervolging om die een of ander rede sou gestaak het, en hom toe sou gesteek ~~xxx~~ en daarna tot in Carolina Olyn se kamer sou agtervolg het. Die redelike moontlikheid dat ŉ vreemdeling die steekwond toegedien het is ook nie uitgesluit nie. Aldus die betoog.

Advokaat Edeling, wat namens eerste beskuldigde in hoër beroep opgetree het, het toegegee - tereg na my mening -

dat aanvaar kan word dat oorledene in die onmiddellike omgewing van die beginpunt van die bloedspoor die steekwond toegedien is. Dit is nooit pertinent in kruisondervraging aan Visser gestel dat sy getuienis, dat hy gesien het dat eerste beskuldigde vir oorledene tot by die ingang van die noordelike kampong agtervolg het, betwis word nie. Dit volg noodwendig dat indien oorledene dan later sou gesteek gewees het, hy weer die kampong sou moes verlaat het en teruggekeer het na die omgewing van die beginpunt van die bloedspoor. Wat dit betref, het advokaat Edeling verwys, eerstens, na wat hy beskryf het as Visser se onbevredigende getuienis oor eerste beskuldigde se besit van 'n mes toe hy besig was om oorledene te agtervolg. Die Verhoorhof het egter Visser se getuienis aanvaar. Ek het die getuienis oorweeg in die lig van die kritiek wat ge-opper is, maar is nie oortuig dat die Verhoorhof nie geregtig was om dit te aanvaar nie. Voorts is verwys na die onsekerheid oor wat die tydsverloop was vanaf die tydstip toe Visser vir tweede beskuldigde gevang het en die tydstip toe oorledene by Carolina Olyn se kamer aangekom het. Wat dit betref is betoog dat die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat oorledene heelwat later aangerand is as

12/.........die

as die tydstip waarop die Staat steun. Dit is korrek dat daar nie betroubare getuienis is wat die Verhoorhof in staat gestel het om hierdie tydsverloop met enige akkuraatheid te bepaal nie. Wat dit betref moet egter onthou word dat, hoewel Visser gesê het dat tweede beskuldigde aangestap het nadat hy hom losgelaat het, hy (Visser) hom nie daarna dopgehou het nie. Dit is dus moontlik, selfs waarskynlik in die omstandighede, dat tweede beskuldigde later in die rigting van die noordelike kampong kon gehardloop het. Dit sou verklaar waarom hy uitasem was toe hy by Carolina Olyn se kamer aangekom het. Dit sou ook daarop dui dat hy by die kamer aangekom het kort nadat die oorledene die dodelike wond toegedien was.

Hoe dit ookal sy, blyk dit na my mening ten duidelikste dat die getuienis wat namens die Staat afgelê is, gewigtige prima facie bewys van eerste beskuldigde se aandadigheid daargestel het. Eerste beskuldigde het verkies om sy saak te sluit sonder om getuienis af te lê of om getuies te roep om namens hom te getuig. Die moontlikhede wat op sy onskuld sou dui berus in hoofsaak op bespiegeling en is nie op getuienis gegrond nie. Indien eerste beskuldigde dan die oorledene tot

by die ingang van die noordelike kampong sou agtervolg het sonder om hom te enige tyd te gesteek het, kon hy so getuig het. Indien oorledene dan later deur tweede beskuldigde of deur ŉ vreemdeling aangerand sou gewees het, is dit voor die hand liggend dat eerste beskuldigde dan ten minste sou kon getuig het dat oorledene hom ontglip het nadat hulle by die ingang van die kampong verby is, of dat hy om die een of ander rede toe besluit het om die agtervolging te staak. Hierdie is na my mening ŉ gepaste geval waar die versuim van die eerste beskuldigde om die gewigtige *prima facie* bewys van sy aandadigheid met getuienis te beantwoord, as ŉ omstandigheid van belang geld waar oorweeg moet word of sy skuld buite redelike twyfel bewys is. (Kyk, *S. v. Madlala*, 1969(2) S.A. 637 (A.D.) te bl. 642 A-E).

By oorweging van die bogenoemde omstandighede, nl., die gewigtige *prima facie* bewys wat aan die einde van die Staat se saak daargestel is, en die versuim van eerste beskuldigde om dit met getuienis te beantwoord, is ek geensins oortuig dat die Verhoorhof gefouteer het nie.

Die appèl word afgewys.

OGILVIE THOMPSON, H.R.<br>
BOTHA, A.R. } Stem saam